

HOOFSTUK 6: BESPREKING EN EVALUERING VAN BEVINDINGS

6.1 Inleiding

Die vraag wat hier aan die orde is, is of daar in die doel van die studie geslaag is. Die sentrale navorsingsvraag van die studie is om te bepaal watter faktore in ag geneem moet word tydens die ontwerp van 'n Webportaal vir akademici. Die sentrale navorsingsvraag is aan die hand van die volgende spesifieke vrae ondersoek:

- ◆ Waaruit bestaan akademici se persoonlike kennis- en inligtingbestuur? Tot watter mate het die Internet en meer spesifiek die Web reeds die wetenskaplike kennissiklus beïnvloed?
- ◆ Tot watter mate kan die konsep en funksionaliteit van Webportale die persoonlike kennis- en inligtingbestuur van akademici ondersteun?
- ◆ Watter inligtingbronne, dienste en hulpmiddels benodig akademici as deel van 'n Webportaal?
- ◆ Hoe aanvaarbaar is die idee van so 'n Webportaal vir akademici en watter probleme voorsien hulle ten opsigte van die implementering daarvan?
- ◆ Verskil akademici wat onderskeidelik as navorsers en opleiers presteer se behoeftes in terme van 'n Webportaal? Watter ander verskille is daar?
- ◆ Wat is inligtingkundiges se siening oor die inhoud, funksionaliteit en waarde van 'n Webportaal vir akademici?
- ◆ Wat is die implikasies van hierdie studie vir die ontwerp van 'n Webportaal vir akademici? Kan riglyne vir die ontwerp van so 'n Webportaal afgelei word? Hoe sou so 'n Webportaal daar uitsien?

Daar is gepoog om hierdie vrae deur middel van 'n oorsigtelike literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek te beantwoord. Om te bepaal in watter mate die probleemstelling moontlik opgelos is, gaan daar kortliks na die volgende aspekte gekyk word:

- ◆ Samevatting van antwoorde op die sentrale navorsingsvraag se spesifieke vrae
- ◆ Evaluering van die metodes wat gebruik is
- ◆ Belangrikste bevindings
- ◆ Leemtes in die studie
- ◆ Temas vir verdere navorsing

6.2 Die mate waarin die studie die sentrale navorsingsvraag beantwoord het

Die mate waarin die studie die sentrale navorsingsvraag beantwoord het, gaan na aanleiding van die spesifieke navorsingsvrae ondersoek word.

6.2.1 Waaruit bestaan akademië se persoonlike kennis- en inligtingbestuur? Tot watter mate het die Internet en meer spesifiek die Web reeds die wetenskaplike kennissiklus beïnvloed?

Tydens die literatuuroorsig (Hoofstuk 2) is 'n persoonlike inligting- en kennisbestuurmodel (Figuur 2) geïdentifiseer om as konsepsuele basis van die studie te dien. Die gestruktureerde vraelys (Aanhangsel A) is na aanleiding van die model opgestel. Uit die onderhoude (Tabel 3) het dit geblyk dat hierdie model voldoende is om akademië se persoonlike bestuur van akademiese inligting en kennis te verklaar. Tydens die onderhoude is die detail van hierdie model ingevul sodat dit 'n goeie aanduiding gee van wat die huidige stand van sake is, met ander woorde, hoe lyk die huidige insameling, herwinning, organisering, verwerking, skeep, kommunikasie en verspreiding van inligting en kennis deur akademië. Dit gee 'n aanduiding van watter funksies deur die Webportaal ondersteun moet word.

Tabel 2 gee 'n aanduiding van die moontlike invloed van die Internet op die siklus van wetenskaplike kennis. Tydens die onderhoude het dit geblyk dat die Internet en Web veral 'n verskil in die akademiese inligtingverkryging en kommunikasie maak, spesifiek as gevolg van die gebruik van elektroniese pos en soekenjins. Oor die algemeen het die Internet nie 'n groot impak op hulle taakverrigting nie en is die respondente se Webgeletterdheid nie besonder hoog nie. Dit is aspekte wat vir die verdere ontwerp en ontwikkeling van die Webportaal van belang is. Die portaal moet so ontwerp word dat relatief onkundige mense dit met gemak kan gebruik. Opleiding en advies om Webgeletterdheid te verhoog en die Internet by die siklus van wetenskaplike kennis te integreer, is belangrik.

6.2.2 Tot watter mate kan die konsep en funksionaliteit van Webportale die persoonlike inligting- en kennisbestuur van akademiese ondersteuners?

Dit blyk uit die literatuurstudie (Hoofstuk 2) dat die konsep van 'n Webportaal groot moontlikhede bied om die persoonlike inligting- en kennisbestuur van akademiese ondersteuners te ondersteun. Verskeie internasionale projekte is tans besig om hierdie moontlikheid te ondersoek. Die prototipe Webportaal (Figure 4-10; <http://linuxbox.up.ac.za:8080/infoportal/app/template/main.wm>) gee ook 'n aanduiding dat die konsep van 'n portaal effektiewe ondersteuning kan bied.

6.2.3 Watter inligtingbronne, dienste en hulpmiddels benodig akademiese as deel van 'n Webportaal?

Die onderhoude met die akademiese (Hoofstuk 4; Tabel 3), waartydens hulle die prototipe Webportaal op die Internet deurgewerk het, het hierdie vraag in 'n groot mate beantwoord. Dit kan soos volg opgesom word:

- ◆ Inligtingbronne: Elektroniese tydskrifte, elektroniese artikels, elektroniese reserwes, elektroniese argiewe, databasisse, elektroniese inhoudsopgawes, biblioteekatalogi, elektroniese boeke, lys van geakkrediteerde tydskrifte,

elektroniese verhandelings en proefskrifte en die UP-navorsingsdatabasis.

Voorsiening moet gemaak word vir toegang tot persoonlike bronne van inligting soos vakkundiges en inligtingkundiges

- ◆ Dienste: Koppeling met interbiblioteekleningstelsels. Akademici se (elektroniese) deelname aan die aankoop van inligtingbronne is ook belangrik.
- ◆ Hulpmiddels: Websoekenjins, "listservers", geselskamers, elektroniese pos, literatuurorganiseerders / indekseringspakkette en die byvoeg van Webadresse. Toegang tot gewilde pakkette moet verleen word. Akademici moet kan deelneem aan die opbou en evaluering van relevante inligtingbronne as deel van die portaal se inhoud. Hulpfunksies vir opleidingsdoeleindes en probleemoplossing is noodsaaklik

6.2.4 Hoe aanvaarbaar is die idee van so 'n Webportaal vir akademici en watter probleme voorsien hulle ten opsigte van die implementering daarvan?

Hierdie vrae is spesifiek aan die akademici tydens die onderhoud gevra (Hoofstuk 4; Tabel 3). Al agt respondente was oorweldigend positief oor die aanvaarbaarheid van die idee van 'n Webportaal om hulle hantering en bestuur van inligting te ondersteun (par. 4.2.1.4.1). Vyf van die respondente is van mening dat netwerkprobleme by die Universiteit van Pretoria die implementering van die portaal kan kniehalter. Een respondent is van mening dat goeie bemerking nodig sal wees. Die administratiewe ondersteuning wat die portaal benodig, was vir een respondent 'n bron van kommer. Hierdie aspekte moet aangespreek word ten einde die suksesvolle implementering van die portaal te verseker.

6.2.5 Verskil akademici wat onderskeidelik as navorsers en opleiers presteer se behoeftes in terme van 'n Webportaal? Watter ander verskille is daar?

Ten einde hierdie vraag te beantwoord, is twee groepe akademici geïdentifiseer, naamlik onderwysinnoveerders en akademiese presteerders. Daar is enkele verskille tussen hierdie twee groepe respondente. Die belangrikste verskil is dat

twee van die onderwysinnoveerders opleidingsmateriaal op die Web publiseer en nie een van die akademiese presteerders dit doen nie. Een van die akademiese presteerders is van plan om dit te doen, maar nie as deel van die UP-onderwysmodel (telematiese onderwys) nie. Twee van die onderwysinnoveerders wil die portaal vir hulle nagraadse studente gebruik, terwyl een van die akademiese presteerders ook baie sterk daarvoor voel. Ander verskille is dat die geesteswetenskaplikes meer op boeke gerig is, en die natuurwetenskaplikes meer op tydskrifte (joernale). Hierdie verskille kan binne een Webportaal geakkommodeer word. Afsonderlike portale is dus nie nodig vir die rolle van onderwys en navorsing nie. Die portaal sal wel oor die funksionaliteit moet beskik om die voorkoms en inhoud volgens behoefte aan te pas ("customization").

6.2.6 Wat is inligtingkundiges se siening oor die inhoud, funksionaliteit en waarde van 'n Webportaal vir akademië?

Tydens 'n fokusgroepsessie is inligtingkundiges se sienings oor die idee van 'n Webportaal vir akademië verkry (Hoofstuk 4; par. 4.3). Die Webportaal word oor die algemeen as aanvaarbaar beskou, en word veral as 'n integrasie en verlengstuk van die Akademiese Inligtingsdiens se inligtingsdienste en -produkte gesien. Enkele bykomende inligtingbronne en funksionaliteit is ook geïdentifiseer:

- ◆ Globale soekfunksie oor die portaal se inhoud
- ◆ Voorgeskrewe boekelys moet beskikbaar wees
- ◆ Koppeling met elektroniese dokumentlewering
- ◆ Aktualiteitsdienste aan en 'n kommunikasiekanaal met akademië

Nuttige bykomende idees oor die funksionering van die Webportaal het deur hierdie gesprek na vore gekom.

6.2.7 Wat is die implikasies van hierdie studie vir die ontwerp van 'n Webportaal vir akademici? Kan riglyne vir die ontwerp van so 'n Webportaal afgelei word? Hoe sou so 'n Webportaal daar uitsien?

Een van die belangrikste implikasies van die studie is dat daar empiries vasgestel is dat akademici die konsep en funksionaliteit van 'n Webportaal aanvaarbaar vind vir die ondersteuning van hulle persoonlike bestuur van akademiese inligting en kennis.

Tydens die verwerking van die ingesamelde inligting uit die onderhoude met die akademici en fokusgroepsessie met die inligtingkundiges in Hoofstuk 4, is ontwerpriglyne deurlopend geïdentifiseer. Hierdie resultate, asook ontwerpriglyne uit die literatuurstudie in Hoofstuk 2, is in Hoofstuk 5 saamgevat. Dit gee 'n goeie aanduiding van hoe so 'n ideale Webportaal daar kan uitsien.

'n Goeie naam vir so 'n Webportaal kan miskien "Scholar's portal" wees, aangesien dit die aard en wese van die portaal weerspieël.

6.3 Evaluering van die metodes wat gebruik is

Daar is van 'n verkennende literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek gebruik gemaak. Tydens die literatuurstudie is 'n reeds bestaande model geïdentifiseer, en sodoende is daar van vorige in diepte navorsing oor akademici se taakverrigting gebruik gemaak. Die ontwikkeling van die Web en veral van Webportale is deurlopend besig om te verander. Enkele samevattende literatuuroorsigte oor die huidige stand van sake is gebruik. Die empiriese studie se hoofdoel was om ontwerpriglyne vir 'n portaal vir akademici te identifiseer. 'n Gevallestudie-benadering, wat ander navorsingsontwerpe insluit, is gevolg ten einde die navorsingsvrae te beantwoord. Resultate kan nie veralgemeen word nie, en verbande en oorsaaklikheid kan nie bepaal word nie. In die lig van die doel en omvang van die studie kan hierdie metodes as voldoende beskou word.

6.4 Belangrikste resultate

Die belangrikste resultate van die studie word in Hoofstuk 5 en in die begin van hierdie hoofstuk (para 6.2) saamgevat. Samevattend kan gesê word dat daar wel, op grond van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek, riglyne afgelei is wat van waarde vir die verdere ontwerp en ontwikkeling van 'n Webportaal vir akademië kan wees.

6.5 Leemtes in die studie

Leemtes in die teoretiese studie is in hoofsaak te wyte aan die verkennende aard daarvan. Elkeen van die aspekte wat bespreek is, kan waarskynlik as 'n afsonderlike navorsingsonderwerp gesien word waarvoor 'n diepgaande studie onderneem kan word. Die empiriese studie was ook van 'n beperkte omvang. 'n Meer omvangryke en statisties geldende steekproef kon dalk ander resultate tot gevolg gehad het.

6.6 Temas vir verdere navorsing

Hierdie studie maak deel uit van 'n wyer projek, naamlik die ontwerp en ontwikkeling van 'n Webportaal vir akademië (vergelyk fase 5 in Tabel 2). Na die ontwikkeling van 'n werkende portaal gaan 'n groot groep akademië gevra word om die portaal deur middel van vraelyste op die Web te evalueer. Die ontwerp en ontwikkeling van hierdie portaal is dus 'n deurlopende proses.